Dit neem ongeveer 14 dae vir 'n roof om in die droë grond oor die rou plekke te vorm. Sodra die boom daarna begin uitloop kan dit geleidelik water begin kry.

3.4. VOEDING:

Die boom kan vryelik gevoed word. Gee gereeld mis, water en "seagrow" in 'n verhouding van 3:1:5. Wees versigtig om nie die boom te brand nie.

3.5. DIE BOOM LOOP UIT:

Oral op die stam verskyn nuwe uitlopers. Die plant moet gedwing word om baie takke in alle rigtings om die stam te gee. Takke wat oortollig is word afgeknip.



Sodra vier tot vyf takke reg rondom die stam gevorm het, word hulle aangemoedig om in dikte te groei. Hierdie takke moet egter dunner as die hoofstam bly. Om balans met die hoofstam te behou moet die takke nou volgens die bekende formule 6:4:2 gesnoei word. (stam 6: primêre tak 4: sekondêre tak 2). 'n Kremetart sal nooit die fyn tersiêre groei van 'n Witstinkhout kan ontwikkel nie.

3.6. DIE VOLGENDE SEISOEN:

Kremetarte kan vir vier seisoene in een groot groeipot gehou word om beter diktegroei te bewerkstellig. Elke keer as die wortels gesnoei word, word die diktegroei vertraag omdat al die gestoorde voedsel in die patatwortels weggesny word.

3.7. OORPLANTING:

Haal die boom met grond en al uit die groeipot. Krap die grond weg tot waar die wortels begin. Saag deur die grond en patatwortels tot 30mm onderkant die beginpunt daarvan sodat die haarwortels so min as moontlik versteur word. Plaas die deurgesaagde boom onderstebo in die son totdat 'n rofie oor die rou plekke gevorm het. Dit kan ook direk in droë grond geplant word nadat "Blue Death" aangesmeer is. Hou die boom vir 14 dae droog. Sodra dit begin uitloop kan water geleidelik gegee word, al is dit eers na 4 weke. As die boom goed groei moet dit genoeg water, direkte sonlig en voeding kry.